Die geverfde afmetings vir elke toets (sien Tegnieese Data) moet volgens voorskrif hierop aangebring word. (Sien bladsy 75)

As hulpmiddel om objektiewe standaarde te handhaaf word 'n elektroniese apparaat wat aan die Departement van Vervoer se vereistes voldoen gebruik. Toetsbeamptes moet deeglik vertrou wees met die gebruik van die apparaat.

### 2.3 Die toets sal begin met die voorrit-inspeksies en die volgende manewers moet almal gedoen word soos voorgeskryf:

- (a) Spoedhandhawing
- (b) Wegtrek / draaie (links)
- (c) Laanwisseling (regs)
- (d) Opdraandwegtrek
- (e) Draaispoedoordeel (links en regs)
- (f) Noodstop (stop 1 en stop 2)
- (g) Noodswenk (links en regs)

---

## 3. TOEPASSING VAN DIE TOETS

---

Toetse sal slegs gedurende normal werksure plaasvind, dit is, weksdae vanaf 07:00 tot 17:00 en Saterdag vanaf 07:00 tot 13:00. Geen toetsing word toegelaat op Sondag of openbare vakansiedae nie.

Die toetsbeampte vir bestuurderslisensies mag nie kommentaar lewer of 'n fout wat die applikant gedurende die toets begaan, noem of bespreek nie, en mag ook nie hulp verleen aan die applikant tydens die uitvoering van enige maneuer of aksie nie.

Die toetsbeampte moet alle toepaslike inligting op die toetsverslag aanteken.

Die toetsbeampte mag geen vrae wat die applikant se teoretiese kennis toets, gedurende die praktiese toets stel nie.

Die toetsbeampte moet aan die applikant die beginpunt van elke maneuer aandui.

Die toetsbeampte mag niemand of enige iets toelaat om die applikant te hinder, te onderrig/help of 'n obstruksie te wees gedurende die toets nie. Die applikant moet ten alle tye onder die direkte toesig van die toetsbeampte wees gedurende die toets

Die enigste persone wat die applikant mag vergesel gedurende 'n toets is die toetsbeamptes, verteenwoordigers van die Inspektoraat / Provinsiale moniteerders of toesighouer van die toetsbeamptes.

Met die aanvang van Deel 1 van die toets tot die afhandeling van Deel 2 van die toets, moet die volgende items deurlopend gemerk word:

- Oortreding van Verkeersreël,
- Onbeheerde / Gevaarlike Aksie, en
- Botsing / Onklaar.

Die voorritinspeksie moet voltooi wees, voordat die motorfiets vir die toets gery mag word en mag slegs deur die applikant gery word.

Die "Begin" en "Einde" - tyd sal in die toepaslike blokkies op die toetsverslag voltooi word, daar is egter geen tydsbeperking vir hierdie toets.

Na voltooiing van die toets moet die applikant 'n afskrif van die voltooide toetsverslag ontvang, nadat dit met hom/haar bespreek is.


### 3.1 DIE TOETS

Voordat Deel 1 van die toets in aanvang neem, moet die toetsbeampte die volgende opdragte aan die applikant gee:

- (a) observasie moet gedoen word en seine moet soos op 'n openbare pad gegee word,
  - (b) dat 'n valhelm tydens die toets gedra moet word en behoorlik vasgemaak moet wees,
  - (c) beide wiele moet ten alle tye in kontak met die padoppervlak wees,
  - (d) die aangeduide grenslyne vir 'n spesifieke maneuer mag nie geraak word tydens die uitvoering van daardie spesifieke maneuer nie,
  - (e) om alle padverkeerstekens, -seine, -reëls en -merke te gehoorsaam,
  - (f) om die enjin van die motorfiets af te skakel wanneer die motorfiets nie onder toesig is nie,
  - (g) geen onbeheerde of gevaarlike aksie mag uitgevoer word nie, en
  - (h) vrae mag gevra word ten opsigte van bogenoemde.
- Die instruksies en verduideliking vir elke maneuer, sal gegee word terwyl die motorfiets stilstaan net voordat daardie spesifieke maneuer in aanvang neem.
  - Die applikant sal nie gepenaliseer word, indien hy/sy enige grenslyne raak tussen manevres nie.
  - Onmiddellik nadat weggetrek is, moet albei voete op die voorste voetstutte geplaas word.
  - Dat die applikant ter enige tyd die toets mag staak as hy/sy voel dat 'n oefening te moeilik gaan wees, maar ten einde te slaag moet die volledige toets voltooi word.



## Volledige toetsbaan (Sien Tegniese Data vir afmetings)



### 3.2 DEEL EEN

#### 3.2.1 Voorritinspeksie en Aansitprosedure

'n Fisiese voorritinspeksie moet uitgevoer word, in opdrag en onder toesig van die toetsbeampte tydens elke toets.

##### Voorritinspeksie (Module 1)

- Die toetsbeampte vergesel die applikant tot by sy/haar motorfiets om 'n voorritinspeksie uit te voer.
- Ingeval van 'n geringe defek mag die applikant die geleentheid gegun word om die defek te herstel. 'n Tydsbeperking van nie meer as 5 minute sal van toepassing wees.
- Indien enige van die items vermeld op die toetsverslag onder die hofies "Voorritinspeksie" nie in 'n goeie werkende toestand is nie, sal die voertuig as onpadwaardig beskou word en moet die toetsbeampte 'n sirkel om die swart blokkie trek onder die opskrif "PADWAARDIGHEID" en 'n kruis in die "DRUIP" blokkie maak op die toetsverslag en die toets word onmiddelik gestaak.

##### Aansitprosedure (Module 4)

- Die toetsbeampte gee die applikant 'n opdrag om op die motorfiets te klim en die enjin aan te skakel.
- Die toetsbeampte gee die applikant 'n opdrag om die ligte, rigtingwysers en toeter in werking te stel.
- Indien enige van die items vermeld op die toetsverslag onder die hofies "Voorritinspeksie" nie in 'n goeie werkende toestand is nie, sal die voertuig as onpadwaardig beskou word en moet die toetsbeampte 'n sirkel om die swart blokkie trek onder die opskrif "PADWAARDIGHEID" en 'n kruis in die "DRUIP" blokkie maak op die toetsverslag en die toets word onmiddelik gestaak word.
- Indien die applikant nalaat om 'n handeling uit te voer moet dit in die toepaslike afdeling op die toetsverslag aangeteken word.

#### 3.2.2 Spoedhandhawing (Module 14)

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- om op bevel weg te trek vanaf punt "A" en reguit na "D" te ry sonder om die aangeduide grenslyne te raak,

- (b) na hoër rat te skakel,
- (c) te versnel tot ongeveer 25km/h en 'n egalige spoed handhaaf.
- (d) spoed by punt "C" glad en progressief met albei remme te verminder sonder dat 'n wiel sleep,
- (e) na 'n laer rat te skakel,
- (f) met sy/haar voorwiel op die kruis by "D" stil te hou,
- (g) nie die motorfiets te beweeg totdat die toetsbeampte die stoppunt bepaal het nie,
- (h) indien hy/sy te stadig ry of nie binne die voorgeskrewe afstand vanaf die kruis by "D" stop nie, word twee addisionele pogings toegelaat, en
- (i) sou hy/sy tydens die derde poging te stadig ry of nie binne die voorgeskrewe afstand vanaf "D" stop nie, word die toets gestaak.

### 3.2.3 **Wegtrek/Draaie (links)**

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om op bevel vanaf "R" weg te trek, en in die rigting van "U" te ry,
- (b) by punt "U" skerp na links te draai asof by 'n kruising sonder om die baanmerk by "U" en die buitengrensllyn te raak,
- (c) om by die stoplyn by "N" stil te hou,
- (d) weg te trek in die rigting van "V",
- (e) by punt "V" skerp na links te draai, asof by 'n kruising sonder om die baanmerk by "X" en die buitengrensllyn te raak. Sodra die draai by punt "X" voltooi is, sal die manuever eindig, en
- (f) slegs een poging is toelaatbaar.

### 3.2.4 **Laanwisseling (Module 23)**

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om op bevel vanaf punt "A" weg te trek en reguit in die rigting van "D" te ry,
- (a) die linker grensllyn van die reguitbaan tussen tussen "A" en "C" mag nêrens geraak word nie,
- (c) na 'n hoër rat te skakel,
- (d) om 'n laanwisseling na regs uit te voer sonder om lyn "O - P" te raak, om links van sodanige lyn verby te beweeg en na die toetsbeampte terug te keer,
- (e) slegs een poging sal toelaatbaar wees, en
- (f) die regter grensllyn van die reguitbaan tussen "A" en "C" sal gekruis word voor punt "C".

### 3.2.5 **Opdraandwegtrek (Module 15)**

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om te stop waar aangedui sonder dat die motorfiets agteruit beweeg,
- (b) om weg te trek sonder om te rol, en
- (c) slegs een poging word toegelaat.

## 3.3 **DEEL TWEE**

### 3.3.1 **Draaispoedoordeel (Module 16)**

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om vanaf punt "E" weg te trek en na 'n hoër rat te skakel,
- (b) so vinnig as wat hy/sy kan na links deur die afgemerkte kurwe te ry,
- (c) geen grensllyne (afgemerkte kurwe) te raak nie,
- (d) by punt "F" stil te hou sonder om die buitenste grensllyn te raak,
- (e) die toets vanaf punt "F" in die teenoorgestelde rigting te herhaal, en
- (f) indien hy/sy te stadig ry maar geen grensllyn raak nie, word twee addisionele pogings toegelaat.

### 3.3.2 **Noodstop/-swenk (Module 17& 18)**

Die toetsbeampte moet die volgende opdragte aan die applikant oordra:

- (a) om op bevel vanaf punt "A" weg te trek,
- (b) die grenslyne van die reguitbaan tussen tussen "A" en "C" mag nêrens geraak word nie,
- (c) reguit in die rigting van die seinligte te ry en 'n hoër rat te skakel,
- (d) 'n spoed van ongeveer 25 km/h te haal,
- (e) die drie seinligte wat in enige volgorde kan aangaan dop te hou wanneer hy/sy punt "B" bereik,
- (f) wanneer die middelste (rooi) seinlig aangaan, die motorfiets in die korste moontlike afstand tot stilstand te bring, sonder dat enige deel van die motorfiets verder as die 45<sup>ste</sup> kalibrasie merk stil te hou,
- (g) die motorfiets stilstaande te hou totdat die stoppunt bepaal is,
- (h) wanneer 'n amber seinlig aangaan, in die rigting van daardie lig te swenk om so ver moontlik vanaf die kruispunt oor die gekalibreerde dwarslyn "K-L" te ry, en om stil te hou voor die buitenste grenlyn,
- (i) sonder om lyne "O-P" , "M-N" of die buitenste grenlyn te raak, en
- (j) indien hy/sy te stadig ry of 'n verkeerde maneuever uitvoer maar geen grenslyne raak nie, word twee addisionele pogings toegelaat.

### 3.4 **Val**

- 3.4.1 Indien die applikant val, of die motorfiets laat val word 'n sirkel om die toepaslike swart blokkie by "ONBEHEERDE/GEVAARLIKE AKSIE" op die toetsverslag getrek en 'n aantekening onder "Opmerkings" gemaak en die toets word gestaak.

### 3.5 **Motorfiets raak onklaar**

Indien die motorfiets tydens die toets onklaar sou raak as gevolg van 'n meganiese defek moet 'n kruisie in die "Uitgestel"-blokkie getrek word en moet die toets volledig herhaal word mits geen swart blokkie omkring was voor die motorfiets onklaar geraak het nie.

### 3.6 **Botsing**

- 3.6.1 Indien die applikant 'n botsing veroorsaak of in een betrokke raak wat hy/sy kon vermy het, word 'n sirkel om die swart blokkie onder die opskrif "BOTSING/ONKLAAR" op die toetsverslag getrek asook 'n kruis in die "DRUIP" blokkie en die toets word onmiddelik gestaak.

- 3.6.2 Indien die botsing as onvermydelik beskou word, word 'n kruisie in die wit blokkie onder die opskrif "BOTSING/ONKLAAR" getrek en as die motorfiets nog padwaardig is, word die applikant die keuse gestel of hy/sy die toets wil voltooi of nie.

Indien die motorfiets onpadwaardig is en/of die applikant verlang dat die toets uitgestel word, word 'n kruisie, in die "UITGESTEL"-blokkie getrek en die toets word gestaak, mits geen swart blokkie omkring was voor die botsing nie.

### 3.7 **Toets uitgestel**

- 3.7.1 Waar omstandighede buite die beheer van die toetsbeampte of die applikant die toets nadelig kan beïnvloed, sal die toets uitgestel word.
- 3.7.2 Indien die toets uitgestel word moet dit aangeteken word onder "ALGEMENE OPMERKINGS".
- 3.7.3 Indien die toets in enige stadium uitgestel word, moet die toets volledig herhaal word.

---

## **4. TOETSVERSLAG**

---

Die verskillende reaksies wat getoets word, word deur middel van afkortings op die toetsverslag aangedui. Die verklarings van hierdie afkortings word op die keersy van die voorgeskrewe toetsverslag gelys.

# DEPARTEMENT VAN VERVOER

## MOTORFIETS

### TOETSVERSLAG

#### KODE A1, A

Balans	• Verlies van balans	Out.	• Outomatiese ratkas
B. klep	• Posisie van brandstofklep	R. lyn	• Raak lyn
Band	• Buitebande	Rat.	• Ratwisseling
Beh.ligte	• Beheer ligte	Rem	• Rem
Beh.rig.	• Beheer rigtingwysers	Rol	• Laat voertuig rol
Beh.stop	• Beheerde stop	Sein. kan.	• Kanselleer sein
Beh.toet.	• Beheer toeter	Sein	• Sein voorneme
E/E	• Ewe / Ewe	Sit. enj.	• Sit enjin aan die gang
E/O	• Ewe / Onewe	Sk. rnte.	• Skoon ruimte
Enj.af	• Posisie van enjin-afsluitskakelaar	Smoorkl.	• Gebruik smoorklep
Get. bew.	• Getal bewegings	Sp.	• Spieëls
Get. pog.	• Getal pogings	Stadig	• Spoed vir maneuer te stadig
Ketting	• Ketting nie nagegaan	Stol	• Stol enjin
N.	• Neutraal	Stop	• Stop motorfiets
O/E	• Onewe / Ewe	Stoppunt	• Stop motorfiets op punt "D"
O/O	• Onewe / Onewe	Strafpunt	• Strafpunte behaal
Obs.	• Observer / Spieëls / Blindekolle	Trek	• Trek weg
On. Voer	• Kyk onder motorfiets vir hindernisse	Vurk	• Vurk nie nagegaan
Ontk.	• Ontkoppel		
Ontst.	• Ontstekings sleutel nie aangeskakel nie		

**PADWAARDIGHEID**  
Opmerkings.....

**OOTREDING VAN VERKEERSREËL**  
Opmerkings.....

**ONBEHEERDE/GEVAARLIKE AKSIE**  
Opmerkings.....

**BOTSING/ONKLAAR**  
Opmerkings.....

**VALHELM**  
Opmerkings.....

**DEEL EEN**

**VOORRIT INSPEKSIE**

(1) On.fiets .....  
 (1) Sp.....  
 (1) Ketting .....  
 (1) Band .....  
 (1) Vurk .....  
 Opmerkings.....

**AANSIT**

(2) Rem.....  
 (1) B.Klep.....  
 (1) Ontst.....  
 (1) N .....  
 (1) Eng.af.....  
 (1) Smoorkl.....  
 (1) Sit.eng.....  
 (1) Beh. lig.....  
 (1) Beh. rig.....  
 (1) Beh.toet.....  
 (5) Balans.....  
 Opmerkings.....

**SPOEDHANDAWING**

(5) Obs .....  
 (1) Ratr .....  
 (1) Trek .....  
 (5) Balans.....  
 (5) Beh.Stop .....  
 (1) Stall .....  
 (1) Ont.....  
 (3) Rem.....  
 Stadig .....  
 R.lyn.....  
 Stoppunt.....  
 Rol.....  
 Get.pog.....  
 Opmerkings.....

**WEGTREK / DRAAIE**

(5) Obs .....  
 (5) Sein.....  
 (1) Rat .....  
 (1) Trek .....  
 (5) Balans.....  
 (1) Stol .....  
 (3) Rem .....  
 (4) Sein kan.....  
 R.lyn.....  
 Get.pog.....  
 Rol.....  
 Opmerkings.....

**LAANWISSELING REGS**

(5) Obs .....  
 (1) Rat.....  
 (1) Trek.....  
 (5) Balans.....  
 (1) Stol .....  
 (5) Sein .....  
 (4) Sein kan.....  
 R.lyn.....  
 Get.pog.....  
 Rol.....  
 Opmerkings.....

**OPDRAANDWEGTREK**

Rol.....  
 (3) Rem.....  
 (1) Rat.....  
 (5) Obs .....  
 (5) Sein .....  
 (1) Trek.....  
 (5) Balans.....  
 (1) Stol.....  
 (4) Sein kan.....  
 Opmerkings.....

**ALGEMENE OPMERKINGS DEEL 1**

.....  
 .....

**ALGEMENE OPMERKINGS DEEL 2**

.....  
 .....

TYD BEGIN:		TYD GEËINDIG:	
TOTAAL	DEEL 1	50	
TOTAAL	DEEL 2	90	
SLAAG	DRUIP	UITGESTEL	

**DEEL TWEE**

**WEGTREK**

(5) Obs .....  
 (1) Rat.....  
 (1) Trek .....  
 (1) Stol .....  
 (5) Balans.....  
 Rol.....  
 R.lyn.....  
 Opmerkings.....

**DRAAISPOEDOORDEEL**

	Links			Regs		
Strafpunt	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Geg.pog	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
R.lyn.....	<input type="text"/>			<input type="text"/>		
Omerkings.....	<input type="text"/>					

E /E	Stop 1	Stop 2	L	R
E/O	Stop 1	R	L	Stop 2
O/E	R	Stop 1	Stop 2	L
O/O	L	R	Stop 1	Stop 2

**NOODSTOP**

	Stop 1			Stop 2		
Werklik	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Standaard	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Strafpunt	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
No. att	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Remarks	<input type="text"/>					

**NOODSWENK**

	Links			Regs		
Standaard	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Werklik	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Strafpunt	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
No. att	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Remarks	<input type="text"/>					

**STIHOU**

(3) Sp.....  
 (3) Rem.....  
 (1) Ontk.....  
 (5) Balans.....  
 (5) Beh.stop .....  
 R.lyn.....  
 Opmerkings.....

TOETSBEAMPT(E) (Drukskrif).....

HANDTEKENING.....

TOETSBEAMPT(E) Infra. Nr.....

BEST HANDTEKENING / AFSKRIF ONTVANG.....

DATUM.....

# 5. PUNTETOEKENING

## DEEL EEN

Foute wat tydens die toets gemaak word moet met 'n ( ) gemerk word. (Sien voorbeelde) Enige fout wat deur die applikant gemaak word, word op die toetsverslag aangeteken deur 'n merk teenoor die betrokke item te maak.

- 5.1 Met betrekking tot sekere reaksies kan slegs een fout aangeteken word - indien die applikant byvoorbeeld een van die items onder "VOORRITINSPEKSIE" nie uitvoer nie, moet een merk in die toepaslike ruimte gemaak word.

Voorbeeld:

(1) Band ..... 

<i>1</i>
----------

- 5.1.1 Indien die applikant gedurende die toets versuim om die spieëls en die blindokol of beide na te gaan, sal hy/sy slegs een keer geenaliseer word vir "Obs". (Dit is nie van toepassing in Deel Twee - Stilhou "Sp" nie)

- 5.2 Met betrekking tot sekere ander reaksies kan meer as een fout aangeteken word - indien die applikant byvoorbeeld drie wegtrek aksies uitvoer sonder om te observeer, moet drie merke in die toepaslike ruimte gemaak word.

Voorbeeld:

(5) Obs ..... 

<i>15</i>
-----------

- 5.3 Met betrekking tot sekere ander reaksies waar 'n swart blokkie is, veroorsaak 'n fout dat 'n sirkel om sodanige blokkie getrek word en die toets word gestaak - bv.: indien die applikant die buite grenslyn sou raak gedurende die uitvoering van 'n maneuer, moet 'n sirkel om die swart blokkie getrek word. Dit beteken dat die applikant onmiddellik drup en dat die toets gestaak word.

Voorbeeld:

R.lyn ..... 

--

- 5.4 Indien 'n tweede of derde poging toelaatbaar is moet 'n kruisie in die toepaslike blokkie(s) getrek word en strafpunte word toegeken, waarvan toepassing, en die toets gaan voort.

- 5.5 Na afloop van die toets tel die toetsbeampte die merke teenoor elke aksie, vermenigvuldig dié getal met die puntwaarde wat tussen hakies links van die item aangedui word en skryf die getal strafpunte in die toepaslike blokke regs van die item.

Voorbeeld:

(3) Rem ..... 

<i>9</i>
----------

- 5.6 Al die punte vir elke item in elke afdeling word bymekaargetel en die totale getal strafpunte word in die groter blokkie regs onderaan die betrokke afdeling ingevul.

Voorbeeld:

(1) Rat .....	<i>2</i>
(1) Trek .....	<i>1</i>
(5) Balans .....	<i>5</i>
Opmerkings .....	<i>8</i>

- 5.7 Die totale getal strafpunte wat in die groter blokkies regs onderaan elke afdeling aangedui word, word bymekaargetel om die groot totaal van al die strafpunte van al die afdelings te kry wat in die "TOTAAL" blokkie onder in die middel van die toetsverslag ingevul moet word. Hierdie totaal word ten opsigte van die betrokke deel nl. Deel Een of Deel Twee, ingevul.

Voorbeeld:

TOTAAL	DEEL EEN	50
TOTAAL	DEEL TWEE	90
SLAAG	DRUIP	UITGESTEL

- 5.8 Onder "Opmerkings" by enige afdeling van die toetsverslag kan die toetsbeampte opmerkings inskryf wat die applikant kan help.

Voorbeeld:

(5) Balans .....	
(1) Stol .....	<b>1</b>
(4) Sein kan. ....	<b>12</b>
Remarks ... <i>Versium om sein te kanselleer</i>	<b>13</b>

- 5.8.1 Indien 'n sirkel om enige swart blokkie getrek is, moet 'n opmerking t.o.v die fout in die betrokke afdeling onder "Opmerkings" gemaak word.

### 5.9 Afsnypunte Deel Een

'n Applikant druipe Deel Een van die toets indien:

- 5.9.1 meer as die toegelate 50 strafpunte oorskry is of  
 5.9.2 'n sirkel om enige swart blokkie getrek is.

### DEEL TWEE

- 5.10 Tydens die uitvoer van die maneuvres in Deel Twee word alle wegtrek- en stilhoufoute soos in Deel Een van die toets aangeteken.  
 5.11 Tydens draaispoedoordeel moet die telling (strafpunte) wat deur die elektroniese knyperbord vertoon word in die toepaslike blokkie ingeskryf word, byvoorbeeld:

#### Draaispoedoordeel

	Links			Regs		
Strafpunt .....	<b>6</b>					<b>5</b>
Get.pog.....				X	X	
R.lyn .....						
Totaal .....						<b>11</b>

- 5.12 Slegs wanneer die elektroniese knyperbord 'n lesing van "Stadig" in 'n rigting vertoon, sal twee verdere pogings toegelaat word om 'n lesing in daardie rigting te verkry. Indien 'n lesing van "Vinnig" vertoon word en geen grenslyne geraak was nie, sal 'n nul waarde (0) aangeteken word en as 'n gelyke getal geag word.  
 5.13 Indien geen lesing met die derde poging in 'n spesifieke rigting verkry is nie of 'n grenslyn van die kurwe geraak word moet 'n sirkel om die toepaslike swart blokkie getrek word en die toets gestaak.



Byvoorbeeld:

**Draaispoedoordeel**

	Links			Regs		
Strafpunt .....	6					
Get. pog .....				X	X	
R.lyn .....						
Totaal .....						6

- 5.14 Om die volgorde van die oorblywende toetse (noodstop/-swenk) te bepaal word die strafpunte van die draaispoedoordeel gebruik soos op die toetsverslag aangeteken. Byvoorbeeld:

**Draaispoedoordeel**

	Links			Regs		
Strafpunt .....	6					5
Ge. Pog .....				X	X	
R. lyn .....						
Totaal .....						11

Op die toetsverslag word die volgorde as volg aangedui:

E/E	Stop 1	Stop 2	L	R
E/O	Stop 1	R	L	Stop 2
O/E	R	Stop 1	Stop 2	L
O/O	L	R	Stop 1	Stop 2

- 5.14.1 Indien die strafpunte soos in 5.14 byvoorbeeld 6 en 5 is sal die volgorde “Ewe/Onewe” (E/O)wees en moet die toetse soos in die tabel aangedui gedoen word. Om verwarring te voorkom moet elke aksie na voltooiing afgemerk word.
- 5.14.2 Wanneer die applikant ‘n verkeerde aksie uitvoer, word ‘n maksimum strafpunt van 25 in die toepaslike blokkie aangeteken, en ‘n volgende poging sal toegelaat word, indien enige poging nog beskikbaar is.

**5.15 Noodstop**

Gedurende hierdie maneuer word die afstand waar die motorfiets tot stilstand gekom het onder “STOP” teenoor “WERKLIK” aangeteken.

**5.15.1 Berekening van stilhouafstand**

Die werklike afstand (“20”) word bepaal deur die voorste punt van die voorwiel vertikaal met die gekalibreerde stoplyn te meet.

Sou die voorste punt van die voorwiel nie op ‘n kalibrasiemerk tot stilstand kom nie, word die vorige kalibrasiemerk as die werklike stop afstand aangeteken.

Die vereiste “Standaard” (“16”) wat op die elektroniese knyperbord verskyn moet onder “STOP 1” teenoor “STANDAARD” aangeteken word. Die verskil tussen “WERKLIKE” en “STANDAARD” (“4”) word onder dieselfde “STOP 1” teenoor “STRAFPUNTE” aangeteken.

(Vir bogenoemde sien onderstaande voorbeeld)

Voorbeeld:

**Noodstop**

	Stop 1			Stop 2		
Werklik .....	20			X	15	
Standaard.....	16			X	25	
Strafpunt.....	4			X	0	
Get. pog.....						
Totaal						4

5.15.2 Indien die applikant die grenslyne van die reguitbaan raak of verder as die 45<sup>ste</sup> kalibrasiemerklyn stop met enige deel van die motorfiets, word 'n sirkel om die toepaslike swart blokkie "R.Lyn" getrek en die toets word gestaak.

Byvoorbeeld:



5.16 **Noodswenk**

Tydens die noodswenk word die afstand waar die agterwiel van die motorfiets die gekalibreerde dwarslyn "K - L" kruis teenoor "WERKLIK" aangeteken. Indien applikant verder as die 7<sup>de</sup> kalibrasie merk swenk, sonder om lyn "M - N" of "O - P" te raak, sal 7 teenoor "WERKLIK" aangeteken.

5.16.1 **Berekening van swenkafstand**

Sou die agterwiel van die motorfiets nie op 'n kalibrasiemerk kruis nie, word die eerste kalibrasiemerk verder vanaf die gekalibreerde STOPYN as die "WERKLIK" ("4")afstand aangeteken. Die vereiste "standaard" wat op die elektroniese kynperbord verskyn moet teenoor "STANDAARD" ("7")aangeteken word op die toetsverslag. Die verskil tussen "STANDAARD en WERKLIK" ("3") word teenoor "STRAFPUNT" aangeteken.


Byvoorbeeld:

**Noodswenk**

	Links			Regs		
Standaard .....	X	7		5		
Werklik.....	X	4		7		
Strafpunt.....	X	3		0		
Get. pog .....						
Total						3

5.16.2 Indien die applikant die tydmeetsone grenslyne raak en die grenslyne "O- P" of "M - N" raak of nie betyds stop en 'n buite grenslyn raak, word 'n sirkel om die toepaslike swart blokkie "R.lyn" getrek en die toets word gestaak.

Byvoorbeeld:



5.16.3 Indien enige van die manoeuvres "Vinnig" uitgevoer word, maar nog steeds binne die toegelate maksimum standaard gedoen word, word geen (0) strafpunte aangeteken.

Voorbeeld:

- (a) Noodstop: Die stilhou afstand nie verder as die 25<sup>ste</sup> kalibrasie merk is nie soos bereken in 5.15.1, en
- (b) Noodswenk: Die swenk afstand nie minder as 5 kalibrasie merke is nie soos bereken in 5.16.1.

5.16.4 Indien enige van die maneuvres “Vinnig” uitgevoer word, maar buite die toegelate maksimum standaard gedoen word, of “Stadig”, sal ‘n tweede poging toegelaat word. Indien die applikant te “Vinnig” gedurende die tweede poging ry en steeds stop of swenk buite die toelaatbare maksimum standaard, of steeds te “Stadig” ry, word ‘n derde(finale) poging toegelaat.

#### 5.17 **Afsnypunte Deel Twee**

‘n Applikant druij Deel Twee van die toets indien:

5.17.1 hy/sy meer as 90 strafpunte oorskry

5.17.2 ‘n sirkel om enige swart blokkie getrek is.

#### 5.18 **Afneem van tyd**

Werklike Tyd begin - Die werklike tyd van die dag wanneer Deel 1 van die toets begin.

Werklike Tyd geëindig - Die werklike tyd van die dag wanneer Deel 2 van die toets eëndig.

Die toetsbeampte skryf hierdie tyd in op die toetsverslag in die toepaslike blokkies.

---

## **6. DIE MODULES**

---

Die verskillende afdelings van die toets verslag word deur 'n aantal modules gedek wat die ideale uitvoering van elke afdeling van die toets beskryf.

---

# MODULE

# Bladsy

---

1.	Voorritinspeksie - om die motorfiets .....	19
2.	Opklim - Afklim .....	21
3.	Voorritinspeksie - op die motorfiets .....	22
4.	Aansit en afsluitprosedure .....	23
5.	Spieëls - gebruik van .....	24
6.	Sein .....	25
7.	Sein - handseine (linksdraai) .....	26
8.	Sein - handseine (regsdraai) .....	27
9.	Sein - handseine (stilhou of skielike spoedvermindering) .....	28
10.	Sein - toeter .....	29
11.	Koppelaar - gebruik van .....	30
12.	Wegtrek .....	31
13.	Stuur .....	32
14.	Spoedhandhawing .....	33
15.	Opdraandwegtrek .....	34
16.	Draaispoedoordeel .....	35
17.	Noodstop .....	36
18.	Noodswenk .....	37
19.	Spoedbeheer .....	38
20.	Ratwisseling - op .....	39
21.	Ratwisseling - af .....	40
22.	Volg ander voertuie .....	41
23.	Laanwisseling .....	42
24.	Stilhou - in verkeer .....	43
25.	Stilhou - vir parkering .....	44
26.	Verkeerbeheerseine .....	45
27.	Kruisings - linksdraai .....	46
28.	Kruisings - regsdraai .....	47
29.	Kruisings - aanry .....	48
30.	Kruisings - stoptekens .....	49
31.	Kruisings - toegeetekens .....	50
32.	Kruisings - onbeheerd .....	51
33.	Kruisings - verkeersligte (flikker rooi) .....	52
34.	Kruisings - verkeersligte (egalige rooi) .....	53
35.	Kruisings - verkeersligte (groen) .....	54
36.	Kruisings - verkeersligte (flikker amber) .....	55
37.	Kruisings - verkeersligte (egalige amber) .....	56
38.	Kruisings - verkeersirkels .....	57
39.	Blokvoetoorgang - onbeheerd .....	58
40.	Spooroorgang - beheerd .....	59
41.	Spooroorgang - onbeheerd .....	60
42.	Verbysteek - aan die linkerkant van 'n gevaar .....	61
43.	Verbysteek - aan die regterkant van 'n gevaar .....	62
44.	Word aan die linkerkant verbygesteek .....	63
45.	Word aan die regterkant verbygesteek .....	64
46.	Deurpaaie - aansluit .....	65
47.	Deurpaaie - verby af- en opritte ry .....	66
48.	Deurpaaie - verlaat .....	67

---

## Module 1:

# Voorritinspeksie

---

1. Kyk met die naderstap onder die motorfiets vir ooglopende lekkasies, obstruksies, ens.
2. Kyk vir skade, verkieslik van bo na onder, van links na regs, terwyl antikloksgewys om die motorfiets geloop word.
3. Gaan voorwiel na vir bandgroefdiepte, slytasie en skade, sywandskade, banddruk, klepdoppie, speke, wielnaaf, olie- en ghrieslekke.
4. Gaan voorste remskyf(we) vir skade (waar moontlik) na.
5. Gaan skokbrekers/vurke vir skade, stewigheid en olielekke na.
6. Gaan voor modderskerm vir skade en stewigheid na.
7. Gaan voorlig(te) en trukaatser vir skade, skoonheid en stewigheid na.
8. Gaan linker voor rigtingwyser vir skade, skoonheid en stewigheid na.
9. Gaan windskerm vir skade, skoonheid en stewigheid na, indien van toepassing.
10. Gaan kontrolemiddels, spieël, kables en koppelaar vloeistof (indien van toepassing) aan die linkerhelfte van die stuurstang vir skade, skoonheid, stewigheid en werking na.
11. Gaan brandstofkraan/-klep vir skade, stewigheid en lekkasie na.
12. Gaan rathefboom en linker voor voetstut vir skade en stewigheid na.
13. Gaan linker sydeksel vir skade en stewigheid na.
14. Noem dat battery vir skade, stewigheid en vloeistofvlak nagegaan moet word.
15. Gaan linker agter voetstut, ketting skerm, ketting (spanning en smering), uitlaatpyp en linker agter skokbreker (indien van toepassing) vir skade en stewigheid na.
16. Gaan linker agter rigtingwyser vir skade, skoonheid en stewigheid na.
17. Gaan agterlig, registrasieplaatlig en trukaatser vir skade, skoonheid en stewigheid na.
18. Gaan agterregistrasieplaat vir skade, skoonheid, stewigheid en geldigheid na.
19. Gaan agterwiel na soos beskryf in item 3.
20. Gaan regter agter rigtingwyser vir skade, skoonheid en stewigheid na.
21. Gaan agter remskryf en remtoetstel vir stewigheid en skade (waar moontlik) na.
22. Gaan regter agter skokbreker en uitlaatpyp (indien van toepassing) vir skade, stewigheid en olielekke na.
23. Gaan regter agter voetstut en sydeksel (indien van toepassing) vir stewigheid na.
24. Gaan sitplek vir skade, skoonheid en stewigheid na.
25. Gaan regter voor voetstut vir stewigheid na.
26. Gaan voetrem vir vryspelling, skade en stewigheid en remvloeistofvalk (indien van toepassing) na.
27. Gaan brandstoftenk en -dop vir stewigheid en lekkasie na.
28. Noem dat koelvloeistof- en enjolinolievlak nagegaan moet word, indien van toepassing.
29. Gaan verkoeler vir skade en stewigheid na, indien van toepassing.
30. Gaan regter kontrolemiddels, spieël, kables en remvloeistofvlak (indien van toepassing) soos beskryf in item 10 na.
31. Gaan regter voor rigtingwyser vir skade, skoonheid en stewigheid na.
32. Gaan klaringbewys vir geldigheid, skoonheid en stewigheid na.

### Let wel A:

Met die naderstap versoek die toetsbeampte die applikant om 'n buite-voorritinspeksie uit te voer voordat hy/sy op die motorfiets klim.

### Let wel B:

Ingeval van 'n geringe defek mag die applikant die geleentheid gegun word om die defek te herstel, maar slegs 'n tydsbeperking van 5 minute word toegelaat.

## Let wel C:

Die applikant sal nie in die volgende gevalle gepepenseer word nie:

- indien hy/sy slegs een wiel nagaan en later slegs verwys na die ander wiel,
- indien hy/sy nie beide sywande van 'n band vir skade ondersoek nie, en
- ten opsigte van die onderdele wat die applikant moet nagaan, word dit nie van hom/haar verwag om al die eienskappe van daardie onderdeel te noem nie.

Byvoorbeeld wanneer die bande nagegaan word, word dit nie verwag dat hy/sy die bandgroef vir slytasie en die sywand vir skade en die banddruk en die stofdoppie ens. sal nagaan nie.

Wanneer dit vir die toetsbeampte duidelik is dat 'n applikant aandag aan 'n spesifieke onderdeel gegee het (of hy/sy dit genoem was of nie) moet hy/sy daarvoor krediet kry.

Let wel C geld slegs vir Module 1.

---

## Module 2:

# Opklim - Afklim

---

### Opklim: Met systaander

1. Staan aan die linkerkant van die motorfiets en ontsluit stuur, indien van toepassing.
2. Hou albei handgrepe vas en wend voorrem aan.
3. Swaai regterbeen oor en plaas gewig op sitplek.
4. Bring motorfiets regop en draai voorwiel reguit.
5. Lig systaander op met linkervoet (indien van toepassing) en balanseer motorfiets.
6. Verseker dat motorfiets nie rol nie deur voorrem aan te wend.

### Afklim: Met systaander

1. Observeer.
2. Wend voorrem aan en skop die systaander heeltemal uit indien van toepassing (maak seker dat systaander op 'n stewige plek staan).
3. Laat motorfiets op systaander leun (indien van toepassing) en draai voorwiel na links.
4. Lig gewig van sitplek en swaai regterbeen oor motorfiets.
5. Maak seker dat die motorfiets stewig staan voordat die handgrepe en voorrem gelos word.
6. Sluit stuur, indien van toepassing.

### Opklim: Met middelstaander

1. Staan aan die linkerkant van die motorfiets en ontsluit stuur, indien van toepassing.
2. Hou met linkerhand die linkergreep vas terwyl die regterhand die handvatstel onder die sitplek vashou.
3. Trek die motorfiets van die staander af en balanseer.
4. Hou albei handgrepe vas en wend voorrem aan.
5. Swaai regterbeen oor en plaas gewig op sitplek.
6. Hou motorfiets regop en draai voorwiel reguit.
7. Verseker dat motorfiets nie rol nie deur voorrem aan te wend.

### Afklim: Met middelstaander

1. Observeer.
2. Wend voorrem aan en hou die voorwiel reguit.
3. Swaai die regterbeen oor die motorfiets en balanseer.
4. Hou met linkerhand die linkerhandgreep vas terwyl die regterhand die handvatstel onder die sitplek vashou.
5. Trap die middelstaander stewig met die regtervoet af.
6. Trek die motorfiets opwaarts en agtertoe op middelstaander.
7. Sluit stuur, indien van toepassing.

## Let wel A:

Indien die applikant versuim om die voorrem aan te wend wanneer hy/sy op die motorfiets klim, sal hy/sy geenaliseer word onder:

### AANSIT

(2) Rem .....



---

## Module 3:

# Voorritinspeksie - op die motorfiets

---

1. Draai aansitsleutel na "ON" -posisie.
2. Gaan werking van waarskuwingsligte en meters na.
3. Gaan werking van voor- en agterligte, rigtingwysers, toeter en remlig na.
4. Skakel alle skakelaars terug na die "OFF" -posisie en skakel aansitsleutel af.
5. Gaan druk op remme en koppelaar na.
6. Gaan versneller greep vir werking na.
7. Gaan werking van skopaansitter na, indien van toepassing.
8. Stel spieëls vir maksimum uitsig na agter.

### Let wel A:

Die toetsbeampte versoek die applikant om op die motorfiets te klim en waar van toepassing die ligte, rigtingwysers, toeter en remlig in werking te stel.

### Let wel B:

Ingeval van 'n geringe defek mag die applikant die geleentheid gegun word om die defek te herstel, maar slegs 'n tydsbeperking van 5 minute word toegelaat.

### Let wel C:

In sekere gevalle, moet die enjin aangeskakel wees voordat die ligte in werking gestel kan word.

---

## Module 4:

# Aansit- en afsluitprosedures

---

### Aansit:

1. Draai die brandstofkraan oop indien van toepassing.
2. Draai aansitsleutel na die "ON"-posisie en gaan werking van waarskuwingsligte en meters na.
3. Verseker dat rathefboom in die neutraal posisie is (groen waarskuwingslig aan).
4. Draai enjin-afsluitskakelaar na "RUN"-posisie.
5. Stel smoorklep in werking, indien nodig.
6. Sit enjin aan met aansitknoppie of skopaansitter.
7. Los aansitknoppie/skopaansitter sodra enjin loop (draai skopaansitter terug, indien van toepassing).
8. Kanselleer werking van smoorklep, indien van toepassing.

### Afsluit:

1. Skakel toebehore af, indien van toepassing.
2. Skakel enjin af deur middel van enjin-afsluitskakelaar.
3. Draai aansitsleutel na "OFF"-posisie.
4. Draai brandstofkraan toe, indien van toepassing.
5. Skakel eerste rat, indien van toepassing.

### Let wel A:

In die geval van sekere motorfietse is dit nodig om die koppelaar te ontkoppel en die systaander terug te trek alvorens die enjin sal aanskakel.

---

## **Module 5:**

# **Spieëls - gebruik van**

---

1. Verstel truspieëls slegs terwyl motorfiets stilstaan vir maksimum uitsig na agter.
2. Gaan truspieëls voor enige gevaar na.
3. Gaan truspieëls elke 5 tot 8 sekondes na.
4. Gaan truspieëls lank genoeg na om die verkeersituasie na agter te bepaal.

### **Let wel A:**

Daar moet sorg gedra word om nie te lank in die truspieëls te kyk nie.

### **Let wel B:**

Waar daar verwys word na truspieëls word bedoel die linker en regtertruspieëls.

---

## Module 6:

# Sein

---

1. Gaan die truspieëls en toepaslike blindekol na, indien van toepassing.
2. Sein betyds en lank genoeg.
3. Verseker dat sein gekanselleer word sodra die maneuver voltooi is of teenwoordigheid bevestig is, soos byvoorbeeld, by die gebruik van die toeter.

### Let wel A:

Daar moet sorg gedra word om nie te vroeg te sein waar dit ander padgebruikers mag verwar nie.

### Let wel B:

Die gebruik van rigtingwysers of handseine binne 'n kruising behoort vermy te word tensy dit nodig is.

### Let wel C:

Die remligte is 'n sein wat aan kan bly (veral in die nag) en dit is nie nodig om dit te kanselleer nadat die motorfiets tot stilstand gebring is nie.

### Let wel D:

Die nagaan van blindekolle is nie nodig wanneer die remligte, hoofligte en die toeter as 'n sien gebruik word nie.

### Let wel E:

Indien die sein te gou kanselleer, moet die applikant nie gepenaliseer word vir:

- (4) Sein kan.....  
nie, maar vir
- (5) Sein.....  
omdat die duur van die sein onvoldoende was.

### Let wel F:

Remligte word as 'n sein beskou. Die truspieëls moet nagegaan word voordat daar begin word om te rem. Geen blindekol moet nagegaan word voor gerem word nie.

---

## **Module 7:**

# **Sein - handseine (linksdraai)**

---

1. Gaan truspieëls en blindekol links na.
2. Sein voorneme deur middel van rigtingwysers.
3. Gaan blindekol links na.
4. Steek linkerarm reguit en horisontaal sywaarts uit, met die handpalm na voor.
5. Trek arm betyds terug.
6. Plaas hand terug op die handgreep voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

## **Let wel A:**

Hierdie sein moet betyds gegee word en lank genoeg duur voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

---

## Module 8:

# Sein - handseine (regsdraai)

---

1. Gaan truspieëls en blindekol regs na.
2. Sein voorneme deur middel van rigtingwysers.
3. Gaan blindekol regs na.
4. Steek regterarm reguit sywaarts en horisontaal uit met die handpalm na voor.
5. Trek arm betyds terug.
6. Plaas hand terug op die handgreep, voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

## Let wel A:

Hierdie sein moet betyds gegee word en lank genoeg duur voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

---

## **Module 9:**

# **Sein - handseine (stilhou of skielike spoedvermindering)**

---

1. Gaan truspieëls en blindekol regs na.
2. Steek regterarm reguit sywaarts uit met elmboog gebuig en voorarm vertikaal na bo en handpalm na voor gedraai.
3. Trek arm betyds terug.
4. Plaas hand terug op die handgreep voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

### **Let wel A:**

Hierdie sein moet betyds gegee word en lank genoeg duur voordat gerem, ratte gewissel of gestuur word.

---

## Module 10:

# Sein - toeter

---

1. Gaan truspieëls na.
2. Sein slegs wanneer dit nodig is, betyds en slegs lank genoeg.
3. Plaas hand terug op die handgreep, indien van toepassing.



---

## Module 11:

# Koppelaar - gebruik van

---

1. Trek koppelaarhefboom heeltemal in.
2. Verkry koppelaarbeheer.
3. Vermy ongeoorloofde "Gly" van koppelaar.
4. Vermy ongeoorloofde "Ry" van koppelaar.
5. Vermy ongeoorloofde "Vryloop".
6. Los koppelaarhefboom heeltemal behalwe om ratte te wissel, te stop of vir geoorloofde "Gly", "Ry" of "Vryloop".
7. Ontkoppel koppelaar heeltemal net voor motorfiets heeltemal tot stilstand kom, sonder dat die enjin swaarkry of stol.

### Let wel A:

Wanneer stilgehou word, moet die rem aangewend word voordat die koppelaar ontkoppel word, om vryloop te voorkom. Hierdie is nie 'n vereiste in stop-ry verkeer of wanneer teen 'n opdraand stilgehou word nie.

### Let wel B:

Die vingers mag nie op die koppelaarhefboom rus terwyl die motorfiets in beweging is nie, tensy in stop-ry verkeer.

---

## Module 12:

# Wegtrek

---

1. Hou motorfiets stilstaande deur agterrem te gebruik.
2. Gehoorsaam alle padverkeerstekens, seine, reëls en merke.
3. Gaan truspieëls en toepaslike blindekol na, indien van toepassing.
4. Sein voorneme, indien van toepassing.
5. Verseker dat daar skoon ruimte anderkant kruising is, voordat kruising binnegegaan word.
6. Verseker dat kruising skoon is voordat dit binnegegaan word.
7. Behou skoon ruimte voor motorfiets, voordat weggetrek word. (Ongeveer 4 - 5 meter)
8. Skakel rat, indien van toepassing.
9. Verkry koppelaarbeheer, indien van toepassing.
10. Observeer.
11. Trek weg sonder om die voorwiel te lig.
12. Behou balans, plaas albei voete op die voorste voetstutte sodra die motorfiets in beweging is.
13. Versnel soos nodig.
14. Kanselleer sein, indien van toepassing.

### Let wel A:

Indien die motorfiets rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

### Let wel B:

Observasie en ratskakeling mag terselfdertyd gedoen word.

### Let wel C:

Wend die voorrem aan voordat die agterrem gelos en die rat geskakel word.

### Let wel D:

Nommers 8, 9, en 10 kan in een vloeiende beweging gedoen word.

### Let wel E:

Observasie moet gedoen word voor wegtrek, asook gedurende stop-ry verkeer.

### Let wel F:

Gedurende wegtrek mag die applikant nie die wiel van die motorfiets laat tol nie. Indien die applikant dit sou doen, word hy/sy geopenaliseer vir:

### WEGTREK TREK

(1) Trek .....

### Let wel G:

Indien die applikant 'n grenslyn raak met sy/haar voet nadat weggetrek is, sal hy/sy gepenaliseer word vir "Balans", en nie "R.lyn" nie.

---

## Module 13:

# Stuur

---

1. Hou albei hande op die handgrepe.
2. Stuur op 'n beheerde manier ten einde nie hoeke of draaie te sny of te wyd te neem nie.
3. Stuur glad.
4. Indien moontlik, moenie binne 'n laan of oor laanstrepe dwaal nie.
5. Pas posisie aan met inagnaming van bewegende of stilstaande gevare.
6. Teenstuur indien nodig.

---

## Module 14:

# Spoedhandhawing

---

1. Observeer.
2. Trek weg.
3. Versnel en skakel na 'n hoër rat.
4. Moenie die grenslyne raak nie.
5. Rem by lyn "C".
6. Skakel na 'n laer rat.
7. Stop met die voorwiel op kruispunt "D" van die gekalibreerde kruis.
8. Behou balans en moenie die motorfiets beweeg totdat die afmeting geneem is nie.

### Let wel A:

Slegs drie pogings word toegelaat, mits die eerste en tweede poging onsuksesvol was en geen grenslyne geraak is nie.

### Let wel B:

Hierdie is nie 'n noodstop nie, maar indien die applikant nie die motorfiets nie onder beheer tot stilstand bring nie, moet hy/sy gepeenaliseer word vir:

#### SPOEDHANDHAWING

(5) Beh.Stop .....

### Let wel C:

Stilhou geskied binne die voorgeskrewe afstand. (Sien die woordverklarings vir "voorgeskrewe afstand")

### Let wel D:

Indien 'n lesing van "Vinnig" vertoon word en die voorwiel van die motorfiets is geposisioneer binne die voorgeskrewe afstand, sal geen strafpunte aangeteken word en geen verdere pogings is nodige nie.

### Let wel E:

Indien die applikant 'n grenslyn raak tydens die manewer met sy/haar voet nadat weggetrek is, sal hy/sy gepenaliseer word vir "Balans", en nie "R.lyn" nie.

### Let wel F:

Indien die motorfiets rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

---

## Module 15:

# Opdraandwegtrek

---

1. Stop waar aangedui, in die toepaslike rat, sonder dat die motorfiets agteruit beweeg.
2. Hou motorfiets stilstaande met die agterrem.
3. Gaan truspieëls en toepaslike blindekol na, indien van toepassing.
4. Sein voorneme, indien van toepassing.
5. Verkry koppelaarbeheer.
6. Observeer.
7. Trek weg sonder om te rol en/of die voorwiel te lig.
8. Behou balans, plaas albei voete op die voorste voetstutte sodra die motorfiets in beweging is.
9. Versnel soos nodig.
10. Kanselleer sein, indien van toepassing.

### Let wel A:

Indien die applikant die agterwiel van die motorfiets laat tol of die voorwiel lig tydens wegtrek, moet hy/sy gepenaliseer word vir:

#### OPDRAANDWEGTREK

(1) Trek .....

### Let wel B:

Slegs een poging word toegelaat.

### Let wel C:

Indien die motorfiets rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

---

## Module 16:

# Draaispoedoordeel

---

1. Observeer.
2. Trek weg.
3. Versnel en ry so vinnig as moontlik deur die kurwe.
4. Moenie die grenslyne van die kurwe raak nie.
5. Stop by die tweede wegtrek punt sonder om die buite grenslyn te raak.
6. Herhaal vanuit die teenoorgestelde rigting.

### Let wel A:

Slegs drie pogings in 'n rigting word toegelaat, mits die eerste en tweede poging onsuksesvol was en geen grenslyne geraak is nie.

### Let wel B:

Indien die applikant 'n grenslyn raak tydens hierdie maneuvre met sy/haar voet nadat weggetrek is, sal hy/sy gepenaliseer word vir "Balans", en nie "R.lyn" nie.

### Let wel C:

- Tydens "Draaispoedoordeel" moet die punte waarde wat deur die elektroniese knyperbord vertoon word in die toepaslike blokkie ingeskryf word.
- Byvoorbeeld:

#### Draaispoedoordeel

	Links			Regs		
Strafpunt.....	6					5
Get.pog.....				X	X	
R.lyn.....						
Totaal						11

- Slegs wanneer die elektroniese knyperbord 'n lesing van "Stadig" vertoon, sal twee verdere pogings toegelaat word. Indien 'n lesing van "Vinnig" vertoon word en geen grenslyne geraak was nie, sal 'n nul (0) aangeteken word en as 'n gelyke getal geag word.
- Sekere elektroniese apparate vertoon nie die lesing "Stadig" nie, gevolglik sal 'n lesing van 1.5 sekondes en meer, as "Stadig" geag word. 'n Lesing van 0.8 sekondes en minder, sal as "Vinnig" geag word.

### Let wel D:

Indien die motorfiets rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

---

## Module 17:

# Noodstop

---

1. Observeer.
2. Trek weg.
3. Versnel en skakel na 'n hoër rat, indien van toepassing.
4. Moenie die grenslyne raak nie.
5. Ontkoppel koppelaar, indien van toepassing.
6. Wend albei remme gelyktydig aan wanneer die rooi lig aangaan.
7. Bring motorfiets binne die korste moontlike afstand tot 'n beheerde stop.
8. Behou balans en moenie die motorfiets beweeg totdat die afmeting geneem is nie.

### Let wel A:

Drukking op die rempedaal (agter) of voorremhefboom moet verminder word indien die wiel(e) sou sluit.

### Let wel B:

Slegs drie pogings word toegelaat, indien die eerste twee pogings onsuksesvol was en geen grenslyne geraak is nie.

### Let wel C:

Indien die lesing "Vinnig" is moet die motorfiets voor die 26<sup>ste</sup> kalibrasiemerk gestop word ten einde die maneuer te slaag, geen strafpunte sal dan aangeteken word nie.

### Let wel D:

Indien die applikant 'n verkeerde aksie (swenk) uitvoer sal 25 strafpunte in die toepaslike blokkie aangeteken word en moet hierdie maneuer herhaal word totdat die korrekte aksie uitgevoer is. Slegs drie (3) pogings word toegelaat.

### Let wel E:

Indien die lesing "Vinnig" is, en die stoppunt is verder as die 26<sup>ste</sup> kalibrasie merk of indien die lesing "Stadig" is, moet 'n tweede poging toegelaat word. Indien die applikant steeds te "Vinnig" ry en steeds nie voor die 26<sup>ste</sup> kalibrasie merk stop nie of die applikant ry steeds te "Stadig", word 'n derde (finale) poging toegelaat.

### Let wel F:

Indien die applikant aan die grenslyne van die reguitbaan raak, of verder as die 45<sup>ste</sup> kalibrasie merk stop met enige deel van die motorfiets, word 'n sirkel om die toepaslike swart blokkie teenoor "R. Lyn" getrek, en die toets word gestaak, byvoorbeeld:

R.Lyn .....



### Let wel G:

Indien die applikant 'n grenslyn raak tydens hierdie maneuer met sy/haar voet nadat weggetrek is, sal hy/sy gepenaliseer word vir "Balans", en nie "R.lyn" nie.

### Let wel H:

Indien die motorfiets rol, word 'n sirkel om die swart blokkie "Rol" getrek en die toets word gestaak.

---

## Module 18:

# Noodswenk

---

1. Observeer.
2. Trek weg.
3. Versnel en skakel na 'n hoër rat, indien van toepassing.
4. Moenie die grenslyne raak nie.
5. Ontkoppel koppelaar, indien van toepassing.
6. Swenk wanneer 'n amber seinlig aangaan, in die rigting van daardie lig om so ver moontlik vanaf die kruispunt "D" oor die gekalibreerde dwarslyn "K-L" te ry.
7. Stuur weer reguit sonder om lyne "M-N" of "O-P" te raak.
8. Stop voor die buite grenslyne geraak word.

### Let wel A:

